

Jakobus 4:1-10

Hoe groot is God: 4

God is groter as ons selfsugtige gebede

Inleiding:

- Selfbehoud – dit is die dryfkrag agter meeste van die dinge wat ons doen.
 - Ek wil myself beskerm en bewaar
 - Ek wil die beste hê vir myself.
 - Dit word selfs dikwels beskryf as die instinkte.
 - Ek is van nature geprogrammeer om myself te bewaar.
- Tog staan hierdie selfbehoud nie altyd los van selfsug nie.
 - Die eie ek staan op die voorgrond.
 - Ek moet oorleef!
 - Ek moet myself nie te nakom nie.
- Hierdie selfsug of “selfbehoud” kom ongelukkig ook baie dikwels in ons gebede na vore.
 - Ek bid tot God maar vir myself.
 - Ek bid tot God om te verseker die beste kom my toe.
 - Ons vergeet so gereeld dat dit deel is van ons dankbaarheidslewe, en bid met ons eie mensgesentreerde intensies.
- Jakobus praat egter baie harde woorde in Jakobus 4.
 - Hy maak dit baie duidelik hoekom ons nie kry waarvoor ons vra nie.
 - Die aanklag word baie duidelik gemaak.
 - Jy is selfsugtig.
 - Maar daarmee saam kry ons ook die sekerheid dat God groter is as ons selfsugtige gebede.
- Daarmee saam kry ons ook weer vanoggend die sekerheid dat God al ons gebede hoor.
 - Ons moet egter steeds die selfsug van ons gebede raaksien en daarom dan onself nederig maak voor die grootheid van God.

Die Here hoor al ons gebede

- Die Here hoor al ons gebede.
 - Ons leer hierdie feit van baie vroeg af.
 - Jy kan enige tyd met die Here praat.
 - Hy is nooit weg of ver nie.
 - Tog voel ons so dikwels dat God my nie hoor nie.
 - Hoekom anders kry ek nie waarvoor ek vra nie?
 - Ek het nie hard genoeg of lank genoeg gebid of groot genoeg woorde gebruik nie.
 - Die redes wat ons vir onself skep vir die rede “dat God nie hoor nie” is eindeloos.
- Maar Jakobus maak dit baie duidelik.
 - Dit is nie die geval nie.
 - Ons gaan later in die preek spesifiek na die regte redes kyk maar eerstens met ons eers deeglik bewus wees vand ie feit dat God wel ons gebede hoor.
- Psalm 139 troos ons met die wonderlike gedagte dat God ons gedagtes ken selfs nog voor dit by ons opgekom het.
 - Hoe anders kan dit dan wees?
 - As God jou gedagtes ken selfs nog voor jy hulle ken hoe kan dit enigsins nog die geval wees dat God nie jou gebede hoor nie?
- Jakobus begin die hoofstuk deur te beskryf hoe ons optree wanneer God nie gee waarvoor ons vra nie.
 - Julle wil moord pleeg.
 - Julle is jaloers.
 - Julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig.
 - Dit is duidelik dat die rede nie is omdat God ons nie hoor nie.
 - Die antwoord lê by ons.
- God hoor ons gebede maar selfs nog meer as dit – God sien saam met ons gedagtes ook ons selfsugtige begeertes raak.
 - En dit is die rede waarom God nie ons gebede verhoor nie.
 - Ons intensies is verkeerd.
 - Die doel van ons gebede is nie om God te verheerlik nie, maar om die eie ek gerus te stel.
- So dikwels doen ons dit.

- Met respek gesê – Ons probeer God heuning om die mond smeer sodat ek kan vra waarvoor ek wil hê.
- Maar God sien dit raak.
 - Maar kan jy dit self raaksien?
 - Sien jy jou eie selfsug raak in jou gebede?

Sien die selfsug van jou gebede raak

- Dit klink na 'n vreeslike aanklag.
 - Jy bid selfsugtig.
 - En hierdie brief is nie aan heidene gerig nie maar aan gelowiges.
- Gemeente hierdie brief word ook aan my en jou gerig saam met die gelowiges in die vroeë kerk.
 - Dieselfde aanklag word aan my en jou gerig.
 - Jy is selfsugtig in jou gebede.
 - Jy bid om jouself te verbeter in plaas daarvan om nederig voor God te staan.
- Hiervan is die wêreld vir ons 'n baie duidelike voorbeeld.
 - Vers 4 maak dit baie duidelik dat die wêreld en God twee baie uiteenlopende benaderings het.
 - Die wêreld is selfsugtig, selfgerig en selfgesentreerd.
- Drie eienskappe van die wêreld maak dit baie duidelik.
 - Die wêreld is verkrygend.
 - Ek wil nog hê.
 - Ek wil meer hê.
 - Ek is nie tevrede met wat en hoeveel ek het nie.
 - As dit jou uitgangspunt is sê jy dat dit wat Gd vir jou uit genade gee, nie voldoende is nie.
 - Die wêreld is meriete gedrewe.
 - Ek moet daardie bevordering kry want dan is ek belangrik in die oë van die wêreld.
 - Ons meet onself wat belangrik is in die oë van die samelewing en nie in die oë van die Here nie.
 - Die wêreld is selfbevorderend.
 - Ek moet vooruitgaan.
 - Ek moet verbeter.

- Dit moet met my beter gaan.
- So sien ons baie duidelik dat ons so gereeld verval in hierdie selfsug.
- Tog kan ons onself probeer regverdig.
 - Ek bid dan vir ander.
 - Maar hoekom?
- Bid jy vir beterskap van 'n vriend of familielid sodat die werke van God daardeur geopenbaar sal word, of bid jy omdat dit vir jou sleg sal wees as daardie persoon tot sterwe sou kom?
- Bid jy vir jou gemeenskap, land en ekonomie sodat elkeen genoeg sal hê en daar nie gebrek sal wees nie, of bid jy sodat jy nie die las van ekonomiese druk so seer sal voel nie?
- Bid jy dat jy akademies sal presteer sodat jy kan getuig van God se gawes wat Hy aan jou gegee het, of bid jy sodat jy in die wêreld se oë vooruitgang sal beleef?
 - Ongelukkig veroorsaak hierdie vrae vir ons 'n innerlike worsteling.
 - Die gevolge van hierdie worsteling is dikwels fisiese uiting in die vorm van haat en jaloesie.
 - Ek gun my buurman, vriend of kollega nie die voorspoed wat hy gekry het nie.
- 1 Tess. 5:17 roep ons op om gedurig te bid, maar hoe moet ek dan bid as die selfsug en die eie ek dikwels my gebede oorneem?
 - Die antwoord is so eenvoudig.
 - *“aan nederiges gee Hy genade.”*
 - Daarom word ons dna opgeroep om in nederigheid tot God te bid.

Bid tot God in nederige afhanklikheid

- Christus leer ons in Matteus 6 nie wat om te bid nie, maar hoe om te bid.
 - Hy leer sy dissipels om in nederigheid te erken dat jy volkome afhanklik van God is.
 - Daarom kan jy nie in hoogmoed tot God bid en beveel en eise stel nie, maar smeeek in nederige afhanklikheid dat Hy sal gee soos wat Hy goed dink.
- Selfs al bid ons met die mees opregte bedoelings, is ons nogsteeds onder die sondeval en is ons van nature geneig om selfsugtig te bid.
 - Tog maak ons nie op eie insigte staat nie.

- Romeine 8:27 maak dit vir ons baie duidelik dat die Heilige Gees weet wat ons bedoeling is met ons gebede.
 - Daarom het ons nou nie 'n verskoning om te bid nie, want selfs in ons gebroke, sondige selfsug staan die Gees ons steeds by om in dankbaarheid tot God te bid.
 - Nie omdat ons wil hê nie, maar omdat die geloof wat in ons opgewek word ons verseker dat God vir ons gee wat ons nodig het.
- Die opdrag word gegee dat ons onself moet onderwerp in nederigheid voor die Here.
 - Dit beteken dat jy nie wag vir omstandighede of gebeure om jou nederig te maak nie, maar dat jy self in nederigheid voor God kom.
 - Telkens wanneer die frase “voor die Here” gebruik word beteken dit dat ons die heiligheid van God beleef.
 - Daarom kan ons nie in selfsug optree nie want dit is nie eienskappe van heiligheid nie.
 - Wanneer ons onself in nederigheid onderwerp, meet ons nie meer onself teen wêreldse standaarde nie, maar volgens God se standaarde van volmaaktheid.
 - Dan val al ons verskonings weg.
 - Wanneer ons so voor God kom erken ons dat ons sondig en skuldig is en tot niks goeds in staat is nie.
 - Dan beleef ons dat God ons sal verhoog odat Hy die bron van goedheid is.

Slot

- Ons almal wil oorleef.
 - Ons almal wil die beste vir onself hê.
 - Ongelukkig gebeur dit dan dat ons in selfsug optree in plaas daarvan om vertrouwe volkome in God te plaas.
 - Kom in nederigheid na God toe.
 - Hy is groter as ons begeertes en omdat Hy sy Seun prysgegee het kan daar in Hom niks wees wat selfsugtig is nie.
- Dit troos ons dat God vir ons sal gee wat ons nodig het, selfs ten spyte van ons selfsugtige gebede.

- Want aan die nederiges gee God sy genade.